PLATINUM Weekblad/Weekly

SPORT

RHS-SPORTVELDE VOL AKSIE

Rustenburg – Verlede Saterdag, 16 April 2016, het Hoërskool Rustenburg gasheer gespeel vir die kwarteind finaal rondtes van die TuksSkole-reeks. Die dag het hokkie, netbal en rugby van die hoogste gehalte ingesluit.

Rustenburg- en Klerksdorp Hoërskole is die enigste skole uit Noordwes wat aan hierdie 16-skool reeks deelneem. RHS het vorige jare aan die PUK Prestige-reeks deelgeneem, maar het na 3 agtereenvolgende jare as wenners van die reeks, tot die Tuks-reeks toegetree.

RHS se spanne het gemengde sukses op die velde gehad, maar hul uitblinker-spanne op die dag was hul o/14 rugby span, o/15 en eerste netbal spanne en o/14 en 16 seuns hokkiespanne, wat almal met hul teenstanders afgereken het. Hoërskool Rustenburg het 6 sportspanne wat uitspeel vir die top 4 plekke in die TuksSkole-Reeks.

Die dag is gekenmerk deur hoë gehalte spel, veral deur die meer senior spanne, asook kwaai mededinging gemeng met puik sportmangees. Wen of verloor, elke span wat die dag op die veld uitgedraf het kan trots voel op hul deelname aan 'n uiters suksesvolle en goed georganiseerde sportdag.

Foto's: Charl du Plessis (snap2art@gmail.com)

www.SuzukiRustenburg.co.za

info@suzukirustenburg.co.za | Tel: 087 353 4150
3 Oliver Thambo Drive, Rustenburg
Taks de Jager: 083 414 2701

Pictures just for illustration purposes. Terms & conditions apply. FSP No.: 46002

SUZUKI

Way of Life!